MARIUS BAKKES

BEWARING

90 - Mon

# DIE GLORIE VAN VERGANGE SE DAE

*Die Ou Raadsaal in Pretoria lyk ná deeglike restourasie vandag weer soos op die dag toe pres. Paul Kruger van die ZAR die eerste vergadering in die gebou geopen het. En dis werklik 'n lus vir die oog.*

TOE die twaalf klokslae uit die kloktoring bo die Ou Raadsaal in Pretoria die middag van 30 Julie 1986 aankondig, het die ou Transvaalse Provinsiale Raad ná sy laaste vergadering in dié gebou ontbind. 'n Politieke era in die Suid-Afrikaanse geskiedenis is afgesluit. Buite het Kerkplein hom soos elke Juniedag in die flou wintersonnetjie gekoester. Binne die Raadsaal het die sowat 80 lede en ampsdraers stil uiteengegaan. Dit was meer as 96 jaar sedert president Paul Kruger die eerste byeenkoms, 'n volksraadsitting van die Zuid Afrikaansche Republiek, in 1890 in die statige gebou geopen het.

In die lang persbank, links van die voorsitterstoel in die suidwestelike hoek van die raadsaal, het die koerantmense ook opgestaan en stadig uitgeloop. Dit was dieselfde persbank van waar Eugène Marais byna 'n eeu tevore sy skerp penaanvalle op die Krugerregering gedoen het in sy "Glimpses from the Hoekie", wat gereeld in *Het Land en Volk* verskyn het.

Toe die laaste Transvaalse Provinsiale Raad die Ou Raadsaal in 1986 ontruim het, was dit nie meer in 'n goeie toestand nie. Dit was 24 jaar sedert die vorige restourasie in 1962. Daar is onmiddellik met opknapping begin.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2014

Vandag is die gebou, soos Kerkplein se Wesfasade, so na as moontlik aan sy oorspronklike toestand herstel — binne sowel as buite. Wat egter jammer is, is dat die gebou as 'n belangrike Transvaalse simbool in die proses uit die hande van die provinsie geraak het en na die Administrasie: Volksraad oorgedra is.

Die restourasie was 'n deeglike stuk werk. Omvattende navorsing is gedoen om vas te stel hoe veral die interieur oorspronklik gelyk het. Die gedetailleerde restourasiewerk het baie tyd en geduld gekos. Jare se lae verf is verwyder om te sien hoe die oorspronklike verfwerk gelyk het. Muurpatrone is ontbloot en nageboots. Die veelkleurige matte, waarvan net die motiewe op ou sepia foto's sigbaar was, is so trou moontlik na die oorspronklike geweef.

Die projek is onderneem onder leiding van die Pretoriase argitek Albrecht Holm, wat die restourasie van Kerkplein se omstrede Wes-fasade behartig het. Hy is bygestaan deur die argitek, kunstenaar en bewaringsbewuste Hannes Meiring, wat hom veral met die binneruimtes bemoei het. Meiring het op 'n keer gesê dat hy die Volksraadsaal beskou as een van die bevredigendste binneruimtes waarmee hy nog te doen gehad het.

In 'n latere onderhoud sê Meiring dat dit een van die mees Europese binneruimtes in Afrika is. Hy meen dat die gebou se Hollandse argitek, Sytze Wierda, met die keuse van die kleurskema straks al deur die aardse kleure van Transvaal beïnvloed is. Hy voeg egter by dat dit in die laat-Victoriaanse tydperk hoogmode was om donker — en dikwels somber — kleure vir binneruimtes te gebruik.

Die gebou is al op 23 November 1987 deur die administrasie: Volksraad in gebruik geneem. Die kantore van die voorsitter van die Ministersraad en die Direkteur-generaal, Administrasie: Volksraad, word onder meer daar gehuisves. Die laaste fase is die restourasie van president Kruger en sy Staatssekretaris, dr. W Leyd, se kantore op die grondvlak links van die ingangsportaal. Dis amper klaar en sal deel van die museumgedeelte van die gebou uitmaak.

Die gebou is in 1888 ontwerp deur die ZAR se hoof van openbare werke, Sytze Wierda. Die bouwerk, wat dieselfde jaar begin het, is onderneem deur JJ Kirkness, wat sowat tien jaar tevore as timmerman na Suid-Afrika gekom het. Sy skoonpa het die Noorweegse hout in sy skrynwerkerswinkel op die Orkney-eilande aan die Skotse kus voorberei. Die sandsteen en leiklip kom uit groewe noord van Pretoria en die stene is gebak by Kirkness se eie steenfabriek in Groenkloof, suid van die hoofstad.

President Paul Kruger het op 6 Mei 1889 die hoeksteen gelê en in 1890 kon die Transvaalse Volksraad al in die onvoltooide gebou vergader. Dieselfde jaar is sommige kantore al betrek en in 1892 is die gebou geïnspekteer, goedgekeur en van die bouer oorgeneem.


Vivian Allen vertel in haar boek, *Kruger's Pretoria*, dat die vrouebeeldjie op die kloktoring eers sonder 'n hoofbedekking aangebring is. Dat 'n vrou sonder hoed in die openbaar verskyn, het die president glo dwars in die krop gesteek — en volgens oorlewering moes 'n keps inderhaas gesmee word en met klinknaels vasgesit word.

Ná die Tweede Vryheidsoorlog, met die Britse oorname, is Anton van Wouw se sandsteenreliëf van die Transvaalse wapen op die voorgewel vervang deur die Britse wapen. In die jare vyftig is 'n wapen soortgelyk aan die oorspronklike weer aangebring. Sedert die Britse bewind en daarna is baie aan die gebou se binneruimte en meubels verander. In 1962 is die gebou opgeknap en die raadsaal se meubels weer gerangskik soos dit in die dae van die ZAR daar uitgesien het.

Vir iemand wat die statige binnekant van die gebou met sy ligte, effekleurige mure, groen leersitplekke en donkerrooi tapyte geken het soos dit ná 1962 gelyk het, is die nuwe — maar oorspronklike — interieur eers effens vreemd. Dit is egter aangenaam om te weet dat dit kultuur-histories so korrek moontlik is. ❑

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2014


*Regs: Aan die bokant van die trapskag by die ingang na die openbare galery.*





*Bo: Oral kan 'n mens jou verlustig aan die klein besonderhede — soos dié bo die ingang na die voorste wandelgang.*


Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2014




Foto's: FRANCOIS SWANEPOEL

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2014

*Die Transvaalse Volksraadsaal lyk nou van binne weer soos in die dae van pres. Paul Kruger — met die oorspronklike halfmaanvormige banke en geskilder in die oorspronklike skakerings. Die argitek Hannes Meiring meen dié vertrek is een van die mees Europese binneruimtes in Afrika.aalse Volksraadsaal lyk nou van binne weer soos in die dae van pres. Paul Kruger — met die oorspronklike halfmaanvormige banke en geskilder in die oorspronklike skakerings. Die argitek Hannes Meiring meen dié vertrek is een van die mees Europese binneruimtes in Afrika.*





Regs: Die voorste wandelgang, met 'n blik op die voorsitterstoel. Die ingewikkelde houtinlegwerk op die vloer ius baie besonders.

Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2014